

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: “Jou Pad”

#### Skriflesing: Lukas 9:51-62

<sup>51</sup> Toe die tyd nader kom dat Jesus in die hemel opgeneem sou word, het Hy vasbeslote die reis na Jerusalem begin

<sup>52</sup> en boodskappers voor Hom uit gestuur. Hulle het vertrek en in 'n dorp van die Samaritane gekom om daar vir Hom verblyf te reël.

<sup>53</sup> Maar die inwoners wou Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem toe op pad was.

<sup>54</sup> Toe die twee dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: “Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel afroep om hulle te verteer?”

<sup>55</sup> Maar Hy het omgedraai en hulle skerp tereggewys.

<sup>56</sup> Daarna het hulle die reis voortgesit na 'n ander dorp toe.

<sup>57</sup> Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: “Ek sal U volg waar U ook al gaan.”

<sup>58</sup> Toe sê Jesus vir hom: “Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie.”

<sup>59</sup> Aan 'n ander een sê Hy: “Volg My.” Maar hy antwoord: “Here, laat my toe om eers terug te gaan om my pa te begrawe.”

<sup>60</sup> Toe sê Jesus vir hom: “Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God.”

<sup>61</sup> Nog een het gesê: “Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet.”

<sup>62</sup> Toe sê Jesus: “Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.”

### Broodjies vir die pad

#### Grafskrif

As stil teen ruwe rotse  
gestorwenes hul nood uitkreet  
enkeldimensioneel verbeeld  
eens trotse adel van die grotes  
wat megafauna heet  
*Rhinocerotidae*

as dit is wat sou oorbly  
van die eens edel dier  
'n herinnering in rotsgrawuur  
wat bloot graffiti word  
'n bespotting en 'n grafskrif  
geskryfte teen 'n muur

het mens die stryd verloor  
teen tyd en teen homself  
meëdoenloos, onverpoosd  
gedryf deur gierigheid  
sy eie grafskrif ingrapeer  
met bloed uit eie hand

*Estelle Rubow*

### In the scheme of things

In the scheme of things  
I cast small shadows  
move no rocks  
leave shallow prints on soft moss  
a canopy of green  
whispers vague instructions  
which I follow to the letter  
as I drift from stream to stream  
to drink and bathe and sleep  
and wonder  
if anyone will find me  
here  
in the scheme of things

*Charles Marais*

### Brood vir die pad

#### Anderkant oneindigheid

*Elise Tempelhoff*

**Tussen die Roggeveld- en Cederberge lê 'n landskap vol eeue oue stories oor die vorming van berge, riviere en woestyne en hoe vetplante hier wortelgeskiet het. Welkom in die Tankwa-Karoo.**

Die Tankwa-Karoo se landskap is vol stories oor onlangse dae, toe landbouers en trekboere 'n sukkelbestaan op hierdie stuk dorre aarde gevoer het. Hiervan is murasies, plaashuise, ou sementdamme en hier en daar 'n windpomp die stille getuienis.

Daar was 'n halfeeu gelede groter planne vir dié magiese, ongenaakbare Karoo-wêreld, waar somertemperature dikwels tot 40 °C klim en winters die kwik bedags tot net 4 °C laat val. In die vroeë-1960's is besluit die grondgebied moet as 'n nasionale park geproklameer word.

Versiene bewaringsbewustes het destyds besluit daar is te veel biodiversiteit tussen die berge, die Tankwa- en Rhenosterrivier en dit sou onwys wees om dit verder aan die grille en giere van mense oor te laat. Groot stukke van die veld was reeds oorbeweë en die laaste van die trekbokke en ander wild hier is in die 1920's uitgeskiet.

#### 'n Nuwe begin

In 1986 is die eerste tree gegee om die Tankwa-Karoo Nasionale Park te proklameer.

Met die seën van die ou regering is agt staatsplase bymekaargevoeg, onder meer Varschfontein, Luiperdskop, Springbokfontein, Volmoersfontein en Springbokvlakte. Dié plase sou die kern van 27 000 ha van dié nuwe nasionale park vorm. Die plaasname spreek boekdele. Soos ook dié van die plante wat op die vlaktes en teen die hange van die berge groei: rooisoldate, suikerkanjetjies, slangkoppe en pensies.

Dit is maar net 'n paar van die 411 plante wat hier groei. En daar word – so word vertel – jaarliks nog plante ontdek.

Die Tankwa-Karoo Nasionale Park is vandag Suid-Afrika se enigste sukkulente Karoo- of vetplantbioom van internasionale belang. Verskeie diere, waaronder gemsbokke, springbokke en rooihartbeeste, wat voorheen hier voorgekom het, is weer teruggebring. Hier is egter 'n groot verskeidenheid soogdiere.

Die park is afgeleë en weg van alle hoofweë. Die beste pad om hier uit te kom, is om te mik vir Calvinia en as jy lief is vir grondpad ry, vat die R354 Middelpas toe. Dié dorpie het self sy eie unieke geskiedenis met 'n hotel, 'n winkel en 'n "massagraf" van Engelse soldate wat tydens die Anglo-Boereoorlog gesneeu het. Sodra jy by Middelpas uitry, verdwyn alle selfoonseine en dit is net jy en die betowering van die natuur.

Sowat 28 km vanaf Middelpas is die noordelike ingang na die park en hier ontmoet jy vir Johan Visagie, eienaar van die Gannaga Lodge. Hy was vroeër lid van die polisie in Middelpas.

Saans as hy klaar egte Karookos vir sy gaste gekook het, vermaak hy hulle in die kroeg met vertellings uit toeka se dae.

Hy ken al die stories van die omgewing en het gesien hoe die nasionale park ontwikkel en hoe Sanparke die plase van die ou boere (voor wie hy grootgeword het) gekoop het. Vandag beslaan die park 143 600 ha. En daar is groot planne vir uitbreiding. Die hele Cederberg-bewaaraarea is glo in Sanparke se visier.

Dit is gróót dele van die Koue Bokkeveld. Die heel eerste plaas in privaat besit wat Sanparke gekoop en by die staatsplase gevoeg het, was Pramberg. Daarna was dit Biesiesfontein.

In 2008 het die destydse hoof van Sanparke, David Mabunda, Johan Pretoria toe laat kom om oor 'n kooptransaksie vir sy erfplaas, Gannaga, te praat. Die Gannaga-pas, een van die mooiste passe in die Noord-Kaap en deel van Johan se plaas, móés volgens Sanparke by die nasionale park ingelyf word.

#### Waar die kraaie sweef

Gannaga beteken "plek van die kraaie". Johan het 'n ooreenkoms met Sanparke aangegaan dat hy 20 ha vir hom en sy gesin sou uithou om die lodge daarop te vestig. Die lodge is bo-op die Gannaga-plato geleë en kyk af op die asemrowende Langkloof. Hy vertel die fiets en die perd het dié deel van die Karoo "mak gemaak".

Die R354-grondpad wat by die lodge verbyloop, het 'n kleurrike geskiedenis van sy eie. 'n Deel van die pad val in die Noord-Kaap en die ander deel in die Wes-Kaap. Daar is glo 'n gedurige toutrekkery tussen dié twee provinsiale owerhede oor wie die pad moet skraap.

Soms spring Johan en van sy werkers sommer self in en maak die pad reg. Daar is meestal verspoelings wanneer die reën onverwags val. En ná die reën rol die klippe en rotse maklik by die Gannaga-pas af. Dit is 'n belewenis om teen dié pas af te ry en klowe, riviere en die uitgestrekte vlakke met die besondere plantegroei te sien.

Dit is 'n paradys vir 'n fotograaf wanneer die son soggens oor die Roggeveldberge opkom of saans agter die Cederberge sak. As die wind teen skemeraand waai en die rooi stof warrel, is die kleure van die berge, die rotse, die grond en die plante verruklik.

En die stilte is tasbaar.

#### Slaap op sagte beddens

Verblyf is beskikbaar in 'n paar plaashuise wat gerestoureer is. By Paulshoek, Varschfontein, die Elandsberg Wilderniskamp (waar nog kothuisies gebou word), die Tankwa-gastehuis en De Zyferkothuis kan jy heerlik ontspan.

Die huise is toegerus; daar is geen elektrisiteit nie, maar wel paraffienlampe en gasstowe. Jy moet jou stortwater self in die donkie warm maak. Sanparke verskaf hout hiervoor. (Die

meeste van die hout is afkomstig van uitheemse bome soos die bloekoms wat om van die ou plaasopstalle groei. Dit is ook 'n deel van die proses om die uitheemse bome uit te roei.)

Die gemiddelde prys is van R635 vir 'n kothuis vir twee mense.

Die parktoegangsgeld is R34 per persoon per dag vir Suid-Afrikaanse burgers. Bespreek by sanparks.org of skakel 012 428 9111.

Die Gannaga Lodge is die enigste blyplek met 'n restaurant en dus waar jy nog iets te ete kan kry voordat jy by die nasionale park ingaan. Hier is tien gerieflike dubbelkamers en 'n ou plaashuis waarin 'n familie kan tuisgaan. Ons het R860 per nag vir 'n dubbelkamer betaal.

Besoek [gannagalodge.blogspot.co.za](http://gannagalodge.blogspot.co.za) vir meer inligting of skakel 079 922 1688 of 087 802 5206.

### Gaan kyk na

#### Die Gannaga-pas

Die oorspronklike pas is in 1907 gebou. Die huidige pas is in 1930 gebou om in die depressiejare werk te skep. Heelwat mense is dood met die bou van die pad en hulle is aan die voet van die pas begrawe. Bo-op die pas is tekens van skuilings wat in die Anglo-Boere-oorlog gebou is.

#### Roodewerf

Sanparke se kantoor in die park word hier in die ou gerestoureerde plaashuis gehuisves. Die plaashuis dateer van 1900.

#### Prambergfontein

'n Ou plaasopstal wat met rou bakstene gebou is.

Dan is daar nog besienswaardighede by Biesiesfontein, Volmoersfontein en Uintjesbosch waar jy jou eie vars soet water met die hand kan uitpomp, asook 'n ou skoolgeboutjie.

#### Oudebaaskraal

Dit was die plaas van oudregter Alewyn Burger. Hy het destyds 'n gastehuis in die vorm van 'n fort op die plaas gebou. Dié gastehuis word nou deur Sanparke bedryf. Daar is ook 'n landingstrook vir vliegtuie op dié plaas.

#### Die Oudebaaskraaldam

Die dam was – tot voor Sanparke die plaas in 2007 aangekoop het – die grootste plaasdam in die land. Dit is in 1969 deur oudregter Alewyn Burger in die Tankwarivier gebou. Dit beslaan 800 ha (sowat 1 600 rugbyvelde). Burger het die water van die dam gebruik om sowat 320 ha lusern en ander gewasse mee te bespreek.

<http://www.netwerk24.com/Ontspan/Reis/anderkant-oneindigheid-20160610>



### Lied 509

Op berge en in dale en oral is my God;  
 waar ons ook telkemale mag swerwe, daar is God!  
 Waar ons gedagtes swewe of styg, ook daar is  
 God;  
 omlaag en hoog verhewe, ja, oral is my God!